

---

**KEN U REGTE**

**'n Maklike Gids tot Huwelike**

**en Verhoudings**

---



WOMEN'S LEGAL CENTRE

Eerste Publikasie in 2007 deur die Women's Legal Centre  
© 2007 Women's Legal Centre

Women's Legal Centre  
Befonds deur die Ford Stigting en die Nasionale Loterye

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

*Navorsing deur* Erin Torkelson  
*Geskryf deur* Sibongile Ndashe and Shehaam Johnstone  
*Geredigeer deur* Jennifer Williams and Pam Sykes  
*Vertaal deur* Celéste Reyneke  
*Illustrasies:* Maalin  
*Gedruk deur* Digital Printing and Promotional Items

## INHOUD

| Hoofstuktitel                              | Bladsy |
|--------------------------------------------|--------|
| Inleiding                                  | 4      |
| Hoe om die gids te gebruik                 | 5      |
| 1. Burgerlike Huwelike                     | 6      |
| 2. Gebruiklike (Afrika) Huwelike           | 13     |
| 3. Gebruiklike (Moslem en Hindoe) Huwelike | 17     |
| 4. Gay-Huwelike                            | 21     |
| 5. Saamwoon Verhoudings                    | 22     |
| 6. Bruikbare Kontakbesonderhede            | 26     |


## INLEIDING

In 'n diverse gemeenskap soos Suid-Afrika kom daar verskillende tipe verhoudings voor. Mense tree in burgerlike huwelike, tradisionele huwelike, gay-huwelike en is selfs in saamwoonverhoudings. Alhoewel burgerlike huwelike nog altyd ten volle deur die wet erken en beskerm is, is dieselfde nie waar van alle tipe verhoudings nie. Gebruiklike (Afrika) en gay-huwelike is eers onlangs deur die wet erken. In sommige omstandighede word gebruiklike Moslem en Hindoe huwelike deur die wet erken, terwyl saamwoonverhoudings geen wetlike erkenning geniet nie. Dus is baie mense in verhoudings wat geen wetlike beskerming geniet nie, terwyl ander mense in verhoudings is wat wel deur die wet beskerm word maar bloot nie bewus is van hul regte nie. Wanneer hierdie verhoudings dan tot 'n einde kom, kan dit finansiële lyding tot gevolg hê, veral vir vroue.


Hierdie gids is daarop gemik om basiese inligting oor die verskillende tipe huwelike en verhoudings deur te gee, asook die wette wat daarmee gepaard gaan. Ons hoop dat die inligting in hierdie gids dit vir mense moontlik sal maak om hulle regte uit te oefen en te besluit in watter tipe verhouding hulle hulself wil bevind.

## HOE OM DIE GIDS TE GEBRUIK

**Uit die Pers:** Regdeur die gids gebruik ons nuusbrokkies om die alledaagse realiteite van dispute wanneer 'n verhouding tot 'n einde kom te illustreer. Ons hoop hierdie voorbeelde sal u laat besef hoe belangrik dit is om die regte stappe te neem as u in 'n huwelik tree of saamwoonverhouding is. Nuusbrokkies sal deur 'n prentjie van 'n pratende koerant aangedui word.



**Kommentaar:** Ons gebruik kommentaar wanneer inligting baie belangrik is of maklik misverstaan kan word. Belangrike inligting sal deur 'n prentjie van 'n potlood aangedui word.



**Definisies:** U sal definisies van alle regsterminologie aan die kant van die bladsy vind. As u nie bekend is met 'n woord nie, raadpleeg die definisie. Definisies sal deur 'n prentjie van 'n gloeilamp aangedui word.



## GEBRRUIK HIERDIE GIDS OM

1. Te weet wat u regte is in 'n verhouding.
2. Te weet wat u regte is wanneer 'n huwelik of saamwoonverhouding beëindig word.
3. Te weet waar om hulp te kry.
4. 'n Vriend(in), u bure, 'n familielid of 'n kollega te help deur die inligting in hierdie gids met hulle te deel of vir hulle 'n kopie hiervan te gee.

# **HOOFSTUK 1:**

## **Burgerlike Huwelike**

### **Wat is 'n burgerlike huwelik?**

'n Burgerlike huwelik is 'n huwelik wat gesluit word in gevolg van die bepalings van die Huwelikswet. Burgerlike huwelike word dikwels in kerke, die Departement van Binnelandse Sake en ook ander plekke bevestig. Daar is drie tipes burgerlike huwelike: huwelike binne gemeenskap van goedere; huwelike buite gemeenskap van goedere (sonder aanwasbedeling); en huwelike buite gemeenskap van goedere met aanwasbedeling. Later sal hierdie tipe huwelike in meer besonderhede verduidelik word.

### **Wat is die vereistes om in 'n burgerlike huwelik te tree?**

Albei persone wat in die huwelik tree moet daartoe toestem en moet albei minstens 18 jaar oud wees. As hulle onder 18-jarige ouderdom is, benodig hulle die toestemming van hul ouers of voogde. As die ouers of voogde weier om toestemming te gee, kan hulle aansoek doen om vergunning by die Hooggeregshof.

### **Wie kan 'n huwelik bevestig?**

In bepaling met die Huwelikswet is daar verskeie persone wat 'n huwelik kan bevestig. Dit sluit in predikante en ander persone wat 'n leierskapsposisie binne 'n godsdienstige denominasie beklee, asook vrederegters van die Departement van Binnelandse Sake.

### **Hoe besluit ek op die beste tipe huwelik vir my?**

Meeste vroue het 'n paar vrese wanneer hulle op trou staan, maar baie min vroue maak seker dat hulle die regsgevolge van die huwelik waarin hulle tree verstaan. Om die regte tipe huwelik vir jouself te kan kies, moet 'n mens die verskillende tipes huwelike verstaan, asook die regsgevolge van elkeen. Op die volgende bladsy is daar meer inligting oor die verskillende tipes burgerlike huwelike.

# Huwelike Binne Gemeenskap van Goedere



## Wat beteken dit om binne gemeenskap van goedere getroud te wees?

‘n Huwelik binne gemeenskap van goedere beteken dat die mense in die huwelik ‘n gesamentlike boedel het. Dit beteken dat alles wat ‘n man en vrou besit (hulle skuld van voor die huwelik ingesluit) gekombineer word in een boedel. Dit is die mees algemene tipe huwelik en word outomaties so deur die wet toegepas tensy die betrokke partye ‘n kontrak opstel wat anders bepaal.

## Wat gebeur as my man bankrot raak?

‘n Huwelik binne gemeenskap van goedere kan riskant wees as jou man nie sy skuld betaal nie. As daar ‘n hofbevel teen hom is, kan julle julle gesamentlike boedel verloor.

## As ek eiendom met my eie geld koop, is dit steeds deel van die gesamentlike boedel?

Al koop jy eiendom op jou eie en al dra jy self al die finansiële verantwoordelikheid, verander dit nie die wetlike status van jou huwelik nie. As ‘n mens binne gemeenskap van goedere getroud is, is jou eggenoot geregtig op 50% van die bates.

## Vorm alle bates deel van die gesamentlike boedel?

Daar is sekere bates wat nie deel uitmaak van die gesamentlike boedel nie. Byvoorbeeld, as jy iets erf en daardie testament bepaal dat die erfenis nie deel van die gesamentlike boedel mag word nie, kan daardie eiendom nie ingesluit word by die gesamentlike boedel nie.

**Bankrot:** wanneer jy meer skuld het as wat jy verdien en iemand aan wie jy geld skuld aansoek doen by die hof om jou eiendom te verkoop.

**Eggenoot:** een van die partye in ‘n huwelik.

**Gesamentlike boedel:** eggenote se gekombineerde eiendom en skuld.



## Huwelike Buite Gemeenskap van Goedere

### **Buite gemeenskap van goedere:**

Elke party behou sy/haar individuele eiendom en is verantwoordelik vir sy/haar eie skuld. In omgangstaal word daarna verwys as “wat myne is, is myne en wat joune is, is joune”.

### **Huweliksvoorwaardekontrak:**

Die kontrak wat die twee partye teken voor die huwelik om te verklaar dat hulle nie ‘n gesamentlike boedel wil hê nie.

### **Krediteure:**

Mense aan wie jy geld skuld.

### **Tussenpleitgeding:**

Waar jy aansoek doen by die hof om deel te raak van die hofsaak om te bewys dat jou eiendom nie gebruik kan word om jou eggenoot se skuld te betaal nie.

### **Beslagneming:**

Die balju neem beslag van jou eiendom sodat dit verkoop kan word om jou skuld te betaal.

### **Wat is ‘n huwelik buite gemeenskap van goedere?**

In hierdie tipe huwelik teken die twee persone ‘n huweliksvoorwaardekontrak wanneer hulle trou om te sê waaruit elkeen se boedel bestaan. As die huwelik ontbind, bly elkeen se boedel sy eie.

### **Beskerm hierdie tipe boedel my as my man nie sy skuld betaal nie?**

As jy buite gemeenskap van goedere getroud is, is jou boedel jou eie. Geen krediteur of derde party kan beslag lê op jou eiendom om jou man se skuld te betaal nie.

### **Wat gebeur as my man nie sy eks-vrou se onderhoud betaal nie en daar word beslag gelê op my eiendom?**

Jy moet die balju in kennis stel dat dit jou eiendom is en ‘n tussenpleitgeding aanhangig maak by die landdroshof waar die beslagnemingsbevel uitgereik is. Jy moet aan die hof bewys dat die goed waarop beslag geneem is aan jou behoort deur ‘n beëdigde verklaring af te lê. Jy moet jou beëdigde verklaring kan bewys deur fakture, strokies, kontrakte en ander papierwerk voor te lê.

# Huwelike Buite Gemeenskap van Goedere met Aanwasbedeling



## Wat is aanwasbedeling en wanneer is dit van toepassing?

Aanwasbedeling is 'n manier om seker te maak dat albei partye in 'n huwelik aanspraak kan maak op 'n regverdige deel van die boedel as die huwelik tot 'n einde kom deur egskeiding of die afsterwe van 'n eggenoot.

Die aanwasbedeling werk as volg in Suid-Afrika:

1. Aan die begin van die huwelik word die waarde van elke party se boedel bepaal en aangeteken;
2. Op die dag van egskeiding of afsterwe word die groeiwaarde van die boedel bereken;
3. Die totale verskil in waarde tussen die groter en kleiner boedel word aangeteken; en
4. Die groter boedel moet die kleiner boedel die helfte van die verskil in waarde uitbetaal.

Die aanwasbedeling is nie outomaties van toepassing op huwelike buite die gemeenskap van goedere nie. As jy wil hê dat die aanwasbedeling van toepassing op jou huwelik moet wees, is dit belangrik om dit te sê voordat die huwelik bevestig word.

## Is dit moontlik om die tipe huwelik verander na 'n mens getroud is?

Ja, huweliksmaats kan aansoek doen by die hof om die eiendomsreg van die huwelik te verander. Hierdie aansoek moet deur beide partye ingehandig word, en goeie redes moet uiteengesit word oor hoekom die aansoek ingedien word. Die aansoekers moet bewys dat hulle al hulle krediteure in kennis gestel het, en dat niemand benadeel sal word as die hof besluit om die eiendomsreg van die huwelik te verander nie.

## Is dit duur om die eiendomsreg van 'n huwelik te verander?

Oor die algemeen is so aansoek redelik duur. Julle sal verantwoordelik wees vir regske, prokureurske en die advertensieke, om die voorneme om die huwelik se eiendomsreg te verander te adverteer.

### Aanwasbedeling:

Wanneer huweliksmaats besluit om hulle eie eiendom te behou, maar ooreenstem om dit wat deur die loop van die huwelik bekom is te deel.

### Eiendomsreg:

Wat betrekking het op eiendom.

**Onherroeplik:**

Dit kan nie gered word nie.

**Gewoonte misdadiger:**

'n Persoon wat gereeld misdade pleeg.

**Wat gebeur as 'n huwelik in 'n egskeiding eindig?**

Wanneer 'n paartjie nie meer as man en vrou wil saamleef nie, kan hulle aansoek doen om 'n egskeiding. 'n Egskeiding is 'n regsproses waar die hof 'n huwelik nietig verklaar sodat dit nie meer volgens die reg bestaan nie.

**Wat is geldige redes vir egskeiding?**

Wanneer die huwelik onherroeplik verbreek het en versoening tussen die huweliksmaats nie moontlik is nie.

**Hoe bewys ek aan die hof dat die huwelik onherroeplik verbreek het?**

Enige van die volgende dien as bewys dat die huwelik onherroeplik verbreek het:

1. Die paartjie bly vir 'n geruime tyd nie meer saam as man en vrou nie;
2. Waar een van die huweliksmaats 'n intieme (seksuele) verhouding met 'n derde party gehad het;
3. Een van die huweliksmaats het die huis verlaat;
4. Die verhouding het verbreek as gevolg van fisiese, verbale en/of sielkundige mishandeling deur een van die huweliksmaats;
5. Waar een van die huweliksmaats verslaaf is aan dwelms of alkohol;
6. As een van die huweliksmaats gevangenisstraf uitdien na hy/sy as "gewoonte misdadiger" verklaar is;
7. Daar nie meer liefdevolheid, liefderykheid en omgee tussen die huweliksmaats is nie.

**Kan ek van my huweliksmaat skei as hy /sy verstandelik versteurd of bewusteloos is?**

Ja, jy sal aan die hof moet bewys dat hy/sy in 'n geestesinrigting opgeneem is vir langer as twee jaar en dat daar geen hoop op herstel is nie. As jou huweliksmaat bewusteloos is, sal jy moet bewys dat hy/sy vir 'n periode van ses maande aaneenlopend bewusteloos was en dat daar geen hoop op herstel is nie.

**Waar kan ek aansoek doen om 'n egskeiding?**

Meeste van die tyd doen mense aansoek om 'n egskeiding by die Hooggeregshof. Die regering het onlangs ook die familiehowe tot stand gebring om dit makliker vir mense te maak om regshulp te verkry.

### Het ek regsverteenwoordiging nodig in die familiehof?

Nee, 'n paartjie kan besluit om sonder regsverteenwoordiging te skei. As die verskillende partye hierop besluit, is die koste van die egskeding minder. Omdat die prosedure dan baie minder gekompliseerd is, kan die egskeding baie vinniger afgehandel word. As daar kinders betrokke is, kan die proses heelwat langer neem omdat die hof na die welsyn van die kinders moet omsien.

### Waar is die familiehowe gebaseer?

1. In Kaapstad en Mitchell's Plain in die Wes-Kaap;
2. In King Williams Town en Port Elizabeth, in die Oos-Kaap;
3. By die Noord-Oostelike Egskeidingshof in Durban; en
4. By die Algemene Egskeidingshof in Ferreirasdorp, Gauteng.

Die kontakbesonderhede van die familiehowe is op die agterkant van die gids gedruk.

### Watter dokumentasie benodig ek as ek na die familiehof gaan?

1. 'n Gesertifiseerde afdruk van jou huweliksertifikaat;
2. 'n Gesertifiseerde afdruk van jou identiteitsdokument;
3. 'n Gesertifiseerde afdruk van jou eggenoot se identiteitsdokument;
4. Gesertifiseerde afdrukke van jou kinders se geboortesertifikate; en
5. R20 vir belastingseëls vir die egskedingsdagvaardiging.

### Sal die hof 'n beslissing maak oor die toesig en onderhoud van die kinders?

Ja, die familiehof se mandaat is om beslissings te maak ten opsigte van gesinsregte insluitende onderhoud van, toesig oor en toegang tot die kinders.



#### Toesig:

Fisiese beheer van die kind, toesig oor die kind se daaglikse lewe.

#### Toegang:

Die reg om tyd saam met die kind te spandeer.

#### Voogskap:

Die reg om (regs)besluite vir die kind te neem. Albei ouers het voogskap oor 'n kind wat in die huwelik gebore is. Sommige besluite benodig die toestemming van albei ouers, soos aanneming, die verwydering van die kind uit die land, en die verkoop van die kind se vaste eiendom (soos 'n huis).

#### Gesertifiseerde afdruk:

'n Afdruk wat deur die polisie of 'n Kommissaris van Ede geteken is om te bevestig dat dit 'n egte kopie van die oorspronklike dokument is.

## Tabel van Regte vir Burgerlike Huwelike

| Wet                       | Huwelike binne gemeenskap van goedere                                                                                                                                                                           | Huwelike buite gemeenskap van goedere                                                                                                                                                                                          |
|---------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Privaatheid               | Huweliksmaats hoef nie teen mekaar te getuig in kriminele verhoor nie.                                                                                                                                          | Huweliksmaats hoef nie teen mekaar te getuig in kriminele verhoor nie.                                                                                                                                                         |
| Woonhuis en ander eiendom | Huweliksmaats is geregtig op 'n deel van die woonhuis en kan net in uitsonderlike omstandighede geregtelik uitgesit word.                                                                                       | Huweliksmaats is geregtig op watter eiendom hulle in die huwelik gebring het – dit mag 'n gedeelte van die woonhuis insluit. Tydens die huwelik kan huweliksmaats net in uitsonderlike omstandighede geregtelik uitgesit word. |
| Pensioenfondse            | Pensioenfondse verskaf dikwels voordele aan die huweliksmaat.                                                                                                                                                   | Pensioenfondse verskaf dikwels voordele aan die huweliksmaat.                                                                                                                                                                  |
| Mediese fondse            | Mediese fondse word verplig om huweliksmaats te dek.                                                                                                                                                            | Mediese fondse word verplig om huweliksmaats te dek.                                                                                                                                                                           |
| Versekering               | Versekeringsdekking dek die huweliksmaat van die versekerde outomaties.                                                                                                                                         | Versekeringsdekking dek die huweliksmaat van die versekerde outomaties.                                                                                                                                                        |
| Reg tot ondersteuning     | Huweliksmaats is verplig om mekaar finansiële te ondersteun.                                                                                                                                                    | Huweliksmaats is verplig om mekaar finansiële te ondersteun.                                                                                                                                                                   |
| Kinders                   | Beide ouers is gelykwaardige voogde van die kind.                                                                                                                                                               | Beide ouers is gelykwaardige voogde van die kind.                                                                                                                                                                              |
| Immigrasie                | Beide huweliksmaats geniet dieselfde regte onder die immigrasiewet.                                                                                                                                             | Beide huweliksmaats geniet dieselfde regte onder die immigrasiewet.                                                                                                                                                            |
| Erfporsies                | As 'n huweliksmaat sterf sonder 'n testament is die oorlewende huweliksmaat geregtig op 'n gedeelte van die afgestorwene se eiendom.                                                                            | As 'n huweliksmaat sterf sonder 'n testament is die oorlewende huweliksmaat geregtig op 'n gedeelte van die afgestorwene se eiendom.                                                                                           |
| Onderhoud                 | As 'n huweliksmaat sterf moet sy/haar testament genoegsaam, volgens sy/haar vermoë, voorsiening maak vir die oorlewende huweliksmaat. Indien nie, kan die oorlewende huweliksmaat onderhoud van die boedel eis. | As 'n huweliksmaat sterf moet sy/haar testament genoegsaam, volgens sy/haar vermoë, voorsiening maak vir die oorlewende huweliksmaat. Indien nie, kan die oorlewende huweliksmaat onderhoud van die boedel eis.                |
| Werkbeserings of siektes  | Huweliksmaats is geregtig op vergoeding.                                                                                                                                                                        | Huweliksmaats is geregtig op vergoeding.                                                                                                                                                                                       |
| Beskerming teen geweld    | Huweliksmaats word beskerm teen geweld.                                                                                                                                                                         | Huweliksmaats word beskerm teen geweld.                                                                                                                                                                                        |

## HOOFSTUK 2: Gebruiklike (Afrika) Huwelike



### Wat is 'n gebruiklike (Afrika) huwelik?

'n Gebruiklike (Afrika) huwelik is 'n huwelik volgens die gebruikswette en kultuur van Suid-Afrika se inheemse inboorlinge.

### Wetlik geldig:

Erken en beskerm deur die wet.

### Word gebruiklike (Afrika) huwelike volgens die wet erken?

In gevolg van die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike van 1998, het die regering voorsiening gemaak vir die erkenning en beskerming van gebruiklike (Afrika) huwelike. Hierdie wet het op 15 November 2000 in werking getree.

### Implementering:

Die datum wat die wet in werking getree het.

### Wat as ek getroud is voor die wet in werking getree het?

Jou huwelik sal steeds deur die wet erken en beskerm word as dit voldoen aan die gebruikswette en dit steeds bestaan het na implementering van die wet. As jou huweliksmaat oorlede is of julle geskei is voor die wet in werking getree het, word jou huwelik nie deur hierdie wet beskerm nie.

### Monogaam:

Daar is slegs een man en een vrou, nie een van die huweliksmaats het 'n ander man of vrou nie.

### Ewigdurende minderjarige:

Vir altyd soos 'n kind in die oë van die wet; jou eggenoot moet 'n kontrak sluit namens jou.



## VANUIT DIE PERS

Appèlhof oorwinning vir vroue in gebruiklike huwelike

Die Appèlhof het beslis dat die Padongelukfonds vroue in gebruiklike huwelike dieselfde moet behandel as vroue wat getroud is in gevolg die Wet op Huwelike. Volgens 'n verslag op die *Legalbrief Today* webtuiste, het die Appèlhof die staat beveel om bepalinge te hersien wat steeds in Suid-Afrikaanse wetgewing bestaan wat onderhoudseise verhinder. Die aansoeker – wat haar man in 'n padongeluk verloor het – het sewe jaar gelede 'n eis by die Padongelukkefonds ingedien vir verlies van finansiële ondersteuning. **Haar aansoek is geweier op grond daarvan dat haar man voorheen met 'n ander vrou getroud was in terme van die Huwelikswet, en dat haar huwelik dus ongeldig is. Sy het dié besluit in die Kaapse Hooggeregshof betwis** en verloor as gevolg van ou Apartheidswette wat nog in die wetboeke opgeteken is. Die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike het in 2000 in werking getree, slegs maande na haar man se dood. Jennifer Williams, Direkteur van die Women's Legal Centre, 'n *amicus curiae* in die verrigtinge, sê die uitspraak was 'n "oorwinning vir vroue wat getroud is in oorleg met gebruikswette'. Die kwessie bring ook die morele redenasie dat burgerlike huwelike meer waardig as gebruiklike huwelike geag word onder die soeklig. Hierdie benadering het 'n negatiewe invloed op vroue wat in oorleg met gebruikswette getroud is om dat hulle ontnem word van die regte wat huweliksmaats binne die burgerlike reg geniet. Die Regterpresident van die Appèlhof, Regter Craig Howie, sê dit 'bring 'n einde aan dié onafgehandelde saak'.

Legalbrief 22 November 2007

**Poligamiese huwelike:**

'n Huwelik waar 'n man met meer as een vrou getroud is.

**Billikheid en****regverdigheid:**

Billik en regverdig.

**Wat is die voorwaardes vir 'n gebruikelike (Afrika) huwelik volgens die wet?**

Daar is drie voorwaardes wat 'n gebruikelike (Afrika) huwelik wettig maak. Eerstens moet albei persone wat trou ouer as 18 wees. Tweedens, moet albei instem om volgens gebruikswette te trou. Derdens, moet die huwelik volgens die gebruikswette van hulle gemeenskap gevier word.

**Maak die wet onderskeiding tussen huwelike wat plaasgevind het voor en na die wet in werking getree het?**

Ja, daar is verskillende wetlike implikasies. Vroue wat getroud is voor die wet in werking getree het, val onder die gebruikswette waaronder die huwelik voltrek is. Dit mag beteken dat hierdie vroue nie gelyke regte en status ten opsigte van die wet geniet nie. As gevolg hiervan kan hierdie vroue nie eiendom besit of beheer nie, en hulle word as ewigdurende minderjariges deur die wet beskou. Die Women's Legal Centre staan dit voor dat dit verander word in lyn met die Grondwet.

**Vroue wat getroud is na die wet in werking getree het, geniet outomaties gelyke status en kapasiteit binne die reg. Hulle is nie onderhewig aan hulle mans se beheer nie en mag selfstandigheid toepas soos dit hulle pas.**

Monogame gebruikelike huwelike is outomaties binne gemeenskap van goedere tensy die partye 'n kontrak teken wat andersins aandui. As 'n man in nog 'n gebruikelike huwelik wil tree ('n poligamiese huwelik) moet hy by die hof aansoek doen met 'n getekende kontrak wat aandui hoe eiendom in die verskillende huwelike bestuur sal word. Die hof kan op 'n onmiddellike verdeling van die eerste huwelik se eiendom beslis.

**Kan 'n vrou wat getroud is voor die wet in werking getree het haar huwelik onderhewig maak aan die nuwe wet?**

Ja die wet maak voorsiening daarvoor dat vroue die wetlike gevolge van hul huwelik mag verander sodat man en vrou gelyke wetlike status en kapasiteit geniet. Albei partye moet by die hof aansoek met geldige redes waarom die verandering aangebring wil word, en 'n verklaring dat geen derde partye benadeel sal word nie.

### **Maak die wet voorsiening vir poligamiese huwelike? Hoe beskerm die wet my as my man met nog 'n vrou wil trou?**

Die wet laat 'n man toe om met meer as een vrou te trou. Dit moet egter binne die bepalinge van hierdie wet geskied. Die wet bepaal dat as 'n man in 'n poligamiese huwelik wil tree hy by die hof aansoek moet doen om toestemming. In sy aansoek moet 'n eiendomsstelsel vir elkeen van sy vroue uiteengesit word. Alle betrokke partye moet in die aansoek verteenwoordig word, spesifiek die huidige en toekomstige vroue. Die hof moet die omstandighede van die bestaande vrou(e) en familieledes in ag neem, en seker maak dat die kontrak die bestaande huwelikeseiendom regverdig verdeel. Die hof het die mag om die kontrak te aanvaar, te verwerp of om voorwaardes by te voeg. Die wet is veronderstel om alle vroue, kinders en familieledes te beskerm.

### **Hoe beëindig ek my gebruiklike huwelik?**

Oorspronklik is gebruiklike huwelike beëindig deur 'n onderhandelde ooreenkoms tussen die man en vrou se families. As die families nie 'n ooreenkoms kon bereik nie, het die tradisionele leiers en hof (met 'n beperkte rol) tussenbeide getree om 'n bevredigende uitkomst te verseker.

Met die wet wat inwerking getree het, het die hof nou onbeperkte mag om gebruiklike huwelike nietig te verklaar. Vroue het nou dieselfde regte as mans om 'n egskeiding aanhangig te maak. Die hof moet baie versigtig wees wanneer poligamiese huwelike nietig verklaar word. Die hof moet seker maak dat eiendom regverdig verdeel word en dat alle ander familieledes in ag geneem word. Die hof moet veral daarop let dat eiendom wat lyk of dit aan die man behoort dalk die eiendom van ander vroue, kinders of familieledes mag wees.

### **Watter mag het die hof presies?**

Die hof het die mag om te beslis oor toesig van die kinders en die betaal van onderhoud. Hierby het die hof ook die mag om huwelikeseiendom te verdeel en te beslis in die betaling van onderhoud aan 'n behoeftige huweliksmaat.

## Tabel van Regte vir Gebruiklike (Afrika) Huwelike

| Wet                       | Regte in 'n burgerlike huwelik                                                                                                                  | Regte in 'n gebruiklike (Afrika) huwelik wat bekragtig is voor die implementering van die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike                                       | Regte in 'n gebruiklike (Afrika) huwelik wat bekragtig is na die implementering van die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike |
|---------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Privaatheid               | Huweliksmaats hoeft nie teen mekaar te getuig in kriminele verhore nie.                                                                         | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                                                                     | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                             |
| Woonhuis en ander eiendom | Huweliksmaats is geregtig op 'n deel van die woonhuis en kan net in uitsonderlike omstandighede geregtelik uitgesit word gedurende die huwelik. | Tradisionele wette word gevolg.                                                                                                                                           | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                             |
| Pensioenfonds             | Pensioenfondse verskaf dikwels voordele aan die huweliksmaat.                                                                                   | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                                                                     | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                             |
| Mediese fonds             | Mediese fondse word verplig om huweliksmaats te dek.                                                                                            | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                                                                     | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                             |
| Versekering               | Versekeringsdekking dek die huweliksmaat van die versekerde outomaties.                                                                         | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                                                                     | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                             |
| Reg tot ondersteuning     | Huweliksmaats is verplig om mekaar finansiel te ondersteun.                                                                                     | Tradisionele wette word gevolg. Die plig tot ondersteuning in poligamese huwelike word deur die hof erken, ten minste met betrekking tot eise teen die Padongelukkefonds. | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                             |
| Kinders                   | Beide ouers is gelykwaardige voogde van die kind.                                                                                               | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                                                                     | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                             |
| Immigrasie                | Beide huweliksmaats geniet dieselfde regte onder die immigrasiewet.                                                                             | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                                                                     | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                             |

|                                 |                                                                                                                                                                                                                 |                                                                                                                                        |                                       |
|---------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------|
| <b>Erfporsies</b>               | As 'n huweliksmaat sterf sonder 'n testament is die oorlewende huweliksmaat geregtig op 'n gedeelte van die afgestorwene se eiendom.                                                                            | Die tradisionele erfgebruike word gevolg. Die hof het egter beslis dat bepalinge wat vroue by die erfporsie uitsluit ongrondwetlik is. | Dieselfde as vir burgerlike huwelike. |
| <b>Onderhoud</b>                | As 'n huweliksmaat sterf moet sy/haar testament genoegsaam, volgens sy/haar vermoë, voorsiening maak vir die oorlewende huweliksmaat. Indien nie, kan die oorlewende huweliksmaat onderhoud van die boedel eis. | Tradisionele onderhoudsgebruike word gevolg.                                                                                           | Dieselfde as vir burgerlike huwelike. |
| <b>Werkbeserings of siektes</b> | Huweliksmaats is geregtig op vergoeding.                                                                                                                                                                        | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                                  | Dieselfde as vir burgerlike huwelike. |
| <b>Beskerming teen geweld</b>   | Huweliksmaats word beskerm teen geweld.                                                                                                                                                                         | Dieselfde as vir burgerlike huwelike.                                                                                                  | Dieselfde as vir burgerlike huwelike. |

## HOOFSTUK 3: Gebruiklike (Moslem en Hindoe) Huwelike

Gebruiklike godsdienstige huwelike word bekragtig volgens godsdienstige gebruike, soos byvoorbeeld Moslem en Hindoe huwelike. Slegs Moslem huwelike het al gedeeltelike erkenning deur die wet ontvang. Hierdie huwelike sal nou in fyner besonderhede bespreek word. Daar is geen wet wat godsdienstige huwelike erken nie.

### Wat is 'n Moslem huwelik?

'n Moslem huwelik is 'n huwelik waarin getree word in oorleg met Moslem godsdienstige gebruike.

### Word Moslem huwelike erken deur die Suid-Afrikaanse wet?

Nee.

### Watter effek het Moslem huwelike op eiendom?

Die Moslem huwelik word beskou as 'n huwelik buite die gemeenskap van goedere. Die man en vrou se boedels bly afsonderlike entiteite

**De facto:**

feitelik

**Intestaat:**

Om sonder 'n testament te sterf.

**Uitgestorwe boedel:**

Die eiendom van die oorledene.

na die huwelik. Omdat die wet nie die huwelik erken nie, kan aanwasbedeling nie toegepas word nie.

**Word daar enige beskerming gebied vir mense wat in 'n Moslem huwelik tree?**

Daar is beperkte beskerming. Byvoorbeeld, huweliksmaats in 'n Moslem huwelik kan aansoek deur die onderhoudshof doen om onderhoudsgeld van hul wederhelf te ontvang. Hierdie plig om die huweliksmaat finansiëel te ondersteun, verval egter wanneer die huweliksmaats skei.

**Kan ek onderhoudsgeld eis as ek in 'n poligamiese huwelik is?**

Ja, die hofsak wat hierdie argument ondersteun was in destydse Transvaal Hooggeregshof beslis. Die saak was *Farida Khan v Dr Yusuf Khan*.

**Is daar enige beskerming ten opsigte van eiendomsreg in die huwelik?**

Ja, maar tot 'n beperkte mate. In die *Rylands v Edros* saak het die Kaapse Hooggeregshof 'n huwelik onder Moslemwette erken as 'n geldige kontrak onder die Grondwet. Dus kan huweliksmaats hulle tot die hof wend om te verseker dat albei partye gehoor gee aan die voorwaardes van hierdie kontrak.

Byvoorbeeld, in die saak van *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund* 'n weduwee 'n eis ingestel vir die verlies van finansiële ondersteuning na die dood van haar man. Die appèlhof het beslis dat in die gees van verdraagsaamheid, regverdigheid en billikheid, en diversiteit onder die nuwe Grondwet partye in 'n de facto monogame Moslem huwelik geregtig is op dieselfde skadevergoeding as partye in 'n burgerlike huwelik.

**Bied die wet my enige beskerming as my man sterf?**

Ja. In die saak van *Daniels v Campbell* No en ander het die Grondwethof die woord "huweliksmaat" in die Wet op Intestate Erfreg en "oorlewende" in die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades geïnterpreteer om die partye in 'n Moslem huwelik in te sluit. As gevolg hiervan kan die oorlewende huweliksmaat:

1. erf in terme van die Wet op Intestate Erfreg; en
2. 'n onderhoudseis aanhangig maak teen die oorledene se boedel.

Om so saak aanhangig te maak moet jy kan bewys dat jou man jou tydens die huwelik finansiëel ondersteun het en dat jy sy finansiële ondersteuning nodig het in die toekoms.



## VANUIT DIE PERS

(Business Day, 12 Maart 2004.)

“Moslems Weduwees Kan Nou Erf”

deur Chantelle Benjamin

Suid-Afrika – ‘n Moslem vrou wie se man oorlede is sonder om ‘n testament, is nou geregtig op ‘n deel van sy boedel na ‘n beslissing van die Grondwethof dat huwelike volgens Moslem godsdienstige gebruike wel erken word. Die besluit is terugwerkend en sal weduwees en wewenaars wat van ‘n erfporse ontnem is ‘n geleentheid gun om van die boedel te eis, al is die boedel reeds afgehandel. Die hof besef dat dit die reeds besige hofsisteem nog meer kan belas, maar voel dat die regte, van veral weduwees, baie sterker weeg. Regter Albie Sachs het in sy meerderheidsbeslissing gesê: “Sou probleme ontstaan as gevolg van die terugkerende aard van die beslissing, sal dit op ‘n saak-tot-saak basis hanteer word.” Alhoewel die beslissing as ‘n oorwinning vir Moslem vroue gesien word, is dit nie van toepassing op vroue wat in poligamiese huwelike is nie. Sou die Grondwethof egter besluit om poligamiese huwelik onder tradisionele wette te erken, sal dit die saak verander. Die hof bekyk tans die kwessie rondom poligamiese huwelike. Die hof het gister beslis dat die woord “huweliksmaat” in die *Wet op Intestate Erfreg*, en die woord “oorlewende” in die *Wet op Onderhoud van Langselewende Gades*, “die oorlewende lewensmaat in ‘n monogame Moslem huwelik insluit”.

### Wat gebeur as ‘n huwelik ontbind?

Wanneer die paartjie skei word hulle van alle regte en pligte onthef, en die enigste onderhoudsgeld waarop ‘n huweliksmaat geregtig is, is vir die drie maande Iddah periode.

Siende dat die partye se boedels onafhanklik is, sal nie een van die partye geregtig wees op die boedel van die ander nie. Dus bied die wet beter beskerming aan ‘n huweliksmaat wanneer hul eggenoot sterf as wanneer hulle sou skei.



#### Iddah periode:

‘n Drie maande wagperiode na die egskieding.

### As ek tot my man se boedel bydra, kan ek die hof vra om te beslis hoe dit verdeel moet word?

Ja, jy kan ‘n aansoek by die hof indien gegrond op ‘n kontrak of as jy kan bewys dat ‘n universele vennootskap bestaan het. Jy sal jou bydraes moet kan bewys. Die hof kan beslis dat jou man jou moet terugbetaal vir die bydraes wat jy gemaak het, onderhewig aan ‘n drie jaar afsnyperiode. Jy kan ook onderhoudsgeld eis vir die drie maande Iddah-periode. Universele vennootskappe sal in meer besonderhede bespreek word in die hoofstuk oor saamwoonverhoudings.

#### Universele vennootskap:

Waar die partye besluit om saam te werk tot die aanwinst van albei.

### Wie is geregtig op toesig oor die kinders?

Omdat die huwelik nie erken word nie, sal die moeder alleentoesig en voogskap ontvang. Die man sal by die Hooggeregshof aansoek moet doen as hy toegang tot of toesig oor die kinders wil hê. Die hof sal altyd die beste belang van die kinders in ag neem.

## Tabel van Regte in Moslem huwelike

| Wet                       | Regte in 'n Burgerlike Huwelik                                                                                                                  | Regte in 'n Moslem huwelik                                                                                                                                                                                                                         |
|---------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Privaatheid               | Huweliksmaats hoof nie teen mekaar te getuig in kriminele verhoor nie.                                                                          | Dieselfde as vir burgerlike huwelike. Gebruiklike godsdienstige huwelik word as geldige huwelik erken vir die doel van die Bewyswet.                                                                                                               |
| Woonhuis en ander eiendom | Huweliksmaats is geregtig op 'n deel van die woonhuis en kan net in uitsonderlike omstandighede geregtelik uitgesit word gedurende die huwelik. | Oor die algemeen is hierdie wet nie van toepassing op gebruiklike godsdienstige huwelike nie. Kontrakwet, die wet op onregverdigde verryking en die wet op universele vennootskappe kan gebruik word in 'n dispuut oor eiendom tussen lewensmaats. |
| Pensioenfonds             | Pensioenfondse verskaf dikwels voordele aan die huweliksmaat.                                                                                   | Sommige skemas bied voordele aan 'n persoon wat genomineer word deur die bydraer. Meer en meer skemas erken ook "lewensmaats" wat dan lewensmaats in 'n Moslem huwelik sal insluit.                                                                |
| Mediese fonds             | Mediese fondse word verplig om huweliksmaats te dek.                                                                                            | Mediese fondse word verplig om lewensmaats te dek, wat lewensmaats in 'n Moslem huwelik sal insluit.                                                                                                                                               |
| Versekering               | Versekeringsdekking dek die huweliksmaat van die versekerde outomaties.                                                                         | Lewensmaats mag ingesluit word op mekaar se versekering, maar dit moet spesifiek versoek word. Dit word nie outomaties toegepas nie.                                                                                                               |
| Reg tot ondersteuning     | Huweliksmaats is verplig om mekaar finansiël te ondersteun.                                                                                     | Lewensmaats word nie verplig om mekaar finansiël te ondersteun nie.                                                                                                                                                                                |
| Kinders                   | Beide ouers is gelykwaardige voogde van die kind.                                                                                               | Albei ouers moet die kind(ers) finansiël ondersteun volgens hul finansiële vermoë. Voogdyskap word aan die moeder toegestaan.                                                                                                                      |
| Immigrasie                | Beide huweliksmaats geniet dieselfde regte onder die immigrasiewet.                                                                             | Beide lewensmaats geniet dieselfde regte onder die immigrasiewet.                                                                                                                                                                                  |
| Erfporsies                | As 'n huweliksmaat sterf sonder 'n testament is die oorlewende huweliksmaat geregtig op 'n gedeelte van die afgestorwene se eiendom.            | Die hof het beslis dat lewensmaats in 'n Moslem huwelik dieselfde regte het as huweliksmaats in 'n burgerlike huwelik.                                                                                                                             |

|                          |                                                                                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                                          |
|--------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Onderhoud                | As 'n huweliksmaat sterf moet sy/haar testament genoegsaam, volgens sy/haar vermoë, voorsiening maak vir die oorlewende huweliksmaat. Indien nie, kan die oorlewende huweliksmaat onderhoud van die boedel eis. | Die hof het beslis dat die reg tot eise van die oorledene se boedel deur die oorlewende huweliksmaat ook op toepassing van lewensmaats in 'n monogame Moslem huwelik is. |
| Werkbeserings of siektes | Huweliksmaats is geregtig op vergoeding.                                                                                                                                                                        | Lewensmaats in 'n Moslem huwelik is geregtig op vergoeding as hulle as man en vrou saamgeleef het op die tydstop van siekte, besering of dood.                           |
| Beskerming teen geweld   | Huweliksmaats word beskerm teen geweld.                                                                                                                                                                         | Lewensmaats in 'n Moslem huwelik word teen geweld beskerm.                                                                                                               |

## HOOFSTUK 4: Gay-huwelike

Volgens die wet is die definisie van 'n huwelik nou uitgebrei om 'n huwelik tussen mense van dieselfde geslag in te sluit.

### Word gay (en lesbiese) huwelike erken deur die wet?

In die saak *Minister van Binnelandse Sake en Ander v Fourie en Ander* het die hof beslis dat die stereotipe dat paartjies van dieselfde geslag sosiale uitgeworpenes is versterk word deurdat hulle nie mag trou nie. Dit sou ook daarop wys dat hulle intieme verhoudings nie geregtig is op dieselfde wetlike beskerming as heteroseksuele paartjies nie. Die hof het die regering 'n periode van 'n jaar vanaf 1 Desember 2005 gegee om oor die saak te besin.



#### Heteroseksueel:

Van die teenoorgestelde geslag.



### VANUIT DIE PERS

Gay-huwelik goedgekeur in Suid-Afrika  
Afrol News, 1 Desember 2005 -

Suid-Afrika se grondwethof het vandag beslis dat gay-huwelik toelaatbaar is en die Pretoria regering 12 maande gegee om huwelikswetgewing aan te pas by hierdie uitspraak asook die konstitusionele regte wat gays en lesbiërs geniet. 'n Noordvoerder van die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake het vandag gesê dat die uitspraak aanvaar word en dat die nodige regstappe geneem sal word.

As gevolg van die Fourie-saak het die parlement die Wet op Burgerlike Verbintenisse (Wet 17 van 2006) bekend gestel wat erkenning deur die wet aan gay-huwelik verleen.

### **Wat is die regsimplikasies as ek in die huwelik tree volgens die Wet op Burgerlike Verbintenisse?**

Lewensmaats wat volgens die Wet op Burgerlike Verbintenisse trou geniet presies dieselfde beskerming onder die wet as huweliksmats wat volgens die Huwelikswet van 1961 getroud is. Hulle kan besluit of hulle binne gemeenskap van goedere, buite gemeenskap van goedere sonder aanwasbedeling, of buite gemeenskap van goedere met aanwasbedeling wil trou.

### **Die Wet op Burgerlike Verbintenisse verwys na 'n burgerlike verbintenis en 'n huwelik, wat is die verskil?**

Daar is geen verskil nie. Die Wet gebruik albei terme sodat lewensmaats (van dieselfde of teenoorgestelde geslag) self kan besluit of hulle hul verhouding 'n "burgerlike verbintenis" of 'n "huwelik" wil noem. Dieselfde beskerming en voordele volgens die wet is van toepassing, afgesien van watter benaming verkies word.

### **Wat gebeur as ons die verhouding wil beëindig?**

Dieselfde wette en prosedures geld as om 'n huwelik onder die Huwelikswet te ontbind (verwys na bladsy 10).



#### **Saamwoonverhoudings:**

Daar word ook verwys na lewensmaats in hierdie tipe verhouding.

---

## **HOOFSTUK 5: Saamwoonverhoudings**

### **Wat is 'n saamwoonverhouding?**

Daar is verskeie vorms van saamwoonverhoudings. Gewoonlik verwys dit na 'n permanente en stabiele monogame verhouding tussen twee mense wat óf verkies om nie te trou nie óf nie kan trou nie, maar dieselfde verantwoordelikhede en pligte as 'n getroude paartjie deel.

### **As ek en my lewensmaat vir vyf jaar lank saamwoon, is dit 'n gewoontereghuwelik?**

Nee, daar bestaan nie iets soos 'n gewoontereghuwelik in Suid-Afrika nie. Dit is 'n regsterm wat meestal in die Verenigde Staat van Amerika gebruik word en is nie van toepassing in Suid-Afrika nie.

### **Watter beskerming bied die wet my?**

Saamwoonverhoudings word nie deur die wet erken nie en dus is daar geen wetlike regte binne hierdie tipe verhouding nie.



Michelle O'Sullivan: Niks anders as die (deurgehakte) knoop

Verlede Maandag, het die Grondwethof uitspraak gelewer in die saak van Ethel Robinson en so 'n doodslag toegedien aan die sowat 2,3 miljoen Suid-Afrikaners wat hulself as saamwoon lewensmaats beskryf het in die mees onlangse sensus. Robinson wat in 'n 15-jaar lange monogame saamwoonverhouding was, wou graag 'n eis instel teen haar oorlede lewensmaat se boedel. Regter Thembile Skweyiya, se meerderheidsuitspraak was dat dit nie onregverdig is om tussen oorlewendes in 'n huwelik en oorlewendes in 'n heteroseksuele saamwoonverhouding te onderskei wanneer daar aanspraak gemaak word op onderhoud nie.

The Mail and Guardian, 1 Maart 2005 01:59

### Word saamwoonverhoudings erken deur die Wet op Burgerlike Verbintenisse?

Na Ethel Robinson se onsuksesvolle aansoek om haar saamwoonverhouding deur die hof te laat erken, is die Wet op Burgerlike Verbintenisse ingestel. Die eerste konsepwet van die Wet op Burgerlike Verbintenisse het melding gemaak van geregistreerde en ongeregistreerde saamwoonverhoudings. Toe die finale weergawe van die wet goedgekeur is, was daar egter geen verwysing na saamwoonverhoudings nie. Dit beteken dat saamwoonverhoudings steeds nie erken word nie. Daar is byvoorbeeld geen plig tot finansiële ondersteuning tussen die twee partye nie, en elkeen se boedel bestaan afsonderlik van die ander een s'n. Sou een van die partye sonder 'n testament sterf, sal die ander lewensmaat nie daarop geregtig wees om iets te erf of onderhoudsgeld van die oorledene se boedel te eis nie.

### Hoe kan ek myself beskerm in 'n saamwoonverhouding?

Lewensmaats kan 'n kontrak opstel met die voorwaardes van hul verhouding en by die hof aansoek doen dat die voorwaardes uitgevoer word.

### Wat is die wetlike gevolg as ons nie 'n kontrak opstel nie en die verhouding kom tot 'n einde?

Sonder 'n kontrak bied die wet geen beskerming nie. As die partye nie 'n kontrak opstel nie, sal die hof bevind dat daar geen wetlike verhouding tussen die partye bestaan het nie. Daar is egter 'n paar wetlike weë wat gevolg kan word, soos om te bewys dat 'n universele vennootskap bestaan het. Op grond van 'n universele vennootskap word die hof verplig om die boedel billik en regverdig te verdeel volgens die bydraes van elke party.

### Hoe word 'n universele vennootskap gedefinieer?

'n Universele vennootskap is 'n uitdruklike of geïmpliseerde ooreenkoms waarin die partye besluit om hulle huidige en

#### Uitdruklik:

'n Geskrewe of mondelinge ooreenkoms.

#### Geïmpliseerd:

Kan uit die omstandighede afgelei word.



toekomstige bates binne gemeenskap van goedere te verklaar. Met ander woorde, alle eiendom word gesamentlik besit gedurende die verhouding.

**Ter verklaring van ‘n universele vennootskap moet daar aan die volgende vier wetlike vereistes voldoen word:**

- 1. Die doel is om wins te maak;
- 2. Albei partye moet tot die vennootskap bydra;
- 3. Die vennootskap moet tot voordeel van albei partye wees; en
- 4. Die kontrak moet wettig wees.

Dit is moeilik om die bestaan van ‘n universele vennootskap in die hof te bewys, veral die bydraes deur elke party.

**Is daar enige ander manier om myself wetlik te beskerm?**

Die wet op onregverdige verryking bepaal dat een party nie hom-/haarself mag verryk ten koste van die ander party nie. Lewensmaats koop baie maal bates soos ‘n huis of kar gesamentlik, maar registreer dit net in een persoon se naam. Sou die verhouding egter tot ‘n einde kom, het jy geen reg tot ‘n bate wat in jou lewensmaat se naam geregistreer is nie, al het jy gehelp om daarvoor te betaal. Om enige van die geld terug te kry wat jy bygedra het, of om jou aandeel in die huis se waarde te eis, moet jy kan bewys dat jy die geld nie aan jou lewensmaat geskenk het nie. Dit kan baie moeilik wees om te bewys.

**Tabel van Regte in Saamwoonverhoudings**

| Wet                       | Regte in 'n Burgerlike Huwelik                                                                                                                  | Regte in 'n Saamwoonverhouding                                                                                                                                                                                                         |
|---------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Privaatheid               | Huweliksmaats hoef nie teen mekaar te getuig in kriminele verhore nie.                                                                          | Lewensmaats mag versoek word om teen mekaar te getuig in kriminele verhore.                                                                                                                                                            |
| Woonhuis en ander eiendom | Huweliksmaats is geregtig op 'n deel van die woonhuis en kan net in uitsonderlike omstandighede geregtelik uitgesit word gedurende die huwelik. | Oor die algemeen is dit nie van toepassing vir diegene in saamwoonverhoudings nie. Kontrakwet, die wet op onregverdige verryking en die wet op universele vennootskappe kan gebruik word in 'n dispuut oor eiendom tussen lewensmaats. |
| Pensioenfonds             | Pensioenfondse verskaf dikwels voordele aan die huweliksmaat.                                                                                   | Sommige skemas bied voordele aan 'n persoon wat genomineer word deur die bydraer. Meer en meer skemas erken ook “lewensmaats”.                                                                                                         |

|                                 |                                                                                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                                                                                                                    |
|---------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Mediese fonds</b>            | Mediese fondse word verplig om huweliksmaats te dek.                                                                                                                                                            | Mediese fondse word verplig om lewensmaats te dek.                                                                                                                                                                                                 |
| <b>Versekering</b>              | Versekeringsdekking dek die huweliksmaat van die versekerde outomaties.                                                                                                                                         | Lewensmaats mag ingesluit word op mekaar se versekering, maar dit moet spesifiek versoek word. Dit word nie outomaties toegepas nie.                                                                                                               |
| <b>Reg tot ondersteuning</b>    | Huweliksmaats is verplig om mekaar finansiël te ondersteun.                                                                                                                                                     | Lewensmaats het geen wetlike verpligting om mekaar finansiël te ondersteun nie.                                                                                                                                                                    |
| <b>Kinders</b>                  | Beide ouers is gelykwaardige voogde van die kind.                                                                                                                                                               | Albei ouers moet die kind(ers) finansiël ondersteun volgens hul finansiële vermoë. Voogdskap word aan die moeder toegestaan.                                                                                                                       |
| <b>Immigrasie</b>               | Beide huweliksmaats geniet dieselfde regte onder die immigrasiewet.                                                                                                                                             | Albei lewensmaats het dieselfde regte onder die immigrasiewet.                                                                                                                                                                                     |
| <b>Erfporsies</b>               | As 'n huweliksmaat sterf sonder 'n testament is die oorlewende huweliksmaat geregtig op 'n gedeelte van die afgestorwene se eiendom.                                                                            | As een van die lewensmaats sonder 'n testament sterf, is die ander lewensmaat nie outomaties geregtig op 'n deel van die oorledene se boedel nie. Dit word sterk aanbeveel dat elke lewensmaat 'n testament opstel sodat hulle van mekaar kan erf. |
| <b>Onderhoud</b>                | As 'n huweliksmaat sterf moet sy/haar testament genoegsaam, volgens sy/haar vermoë, voorsiening maak vir die oorlewende huweliksmaat. Indien nie, kan die oorlewende huweliksmaat onderhoud van die boedel eis. | Daar is geen wetlike beskerming vir lewensmaats op die gebied nie.                                                                                                                                                                                 |
| <b>Werkbeserings of siektes</b> | Huweliksmaats is geregtig op vergoeding.                                                                                                                                                                        | Lewensmaats is geregtig op vergoeding as hulle as man en vrou saamgeleef het op die tydstip van siekte, besering of dood.                                                                                                                          |
| <b>Beskerming teen geweld</b>   | Huweliksmaats word beskerm teen geweld.                                                                                                                                                                         | Lewensmaats word teen geweld beskerm.                                                                                                                                                                                                              |

# BRUIKBARE KONTAKBESONDERHEDE

## EGSKEIDINGSHOWE

| Office Province                                      | Tel No.                    | Faks No.                   | Postal Address                                                              | Physical Address                                          |
|------------------------------------------------------|----------------------------|----------------------------|-----------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------|
| Durban<br>Noord-Oostelike<br>Egskeidingshof          | 031 3327576<br>031332 9034 | 031 3320594<br>031 3326590 | Die Registrateur<br>Privaatsak X 54304<br>Durban 4000                       | H/v Stanger & Somtseu<br>Durban 4001                      |
| Ferreirasdorp<br>Sentrale Egskeidingshof,<br>Gauteng | 011 6390434<br>011 8364730 | 011 836 0671               | Sentrale Egskeidingshof<br>Privaatsak X 1<br>Ferreirasdorp 2048             | Markstraat 15<br>Ferreirasdorp 2048                       |
| King William's Town<br>Suidelike Egskeidingshof      | 043 6422842                | 043 6423037                | Die Registrateur<br>Privaatsak X 7481<br>King Williams Town 5600            | H/v Reserve Weg &<br>Oakstraat<br>King Williams Town 5600 |
| Cape Town Southern<br>Egskeidingshof                 | 021 4011503                | 021 465 3593               | Die Registrateur<br>Egskeidingshof<br>Privaatsak X9017<br>Cape Town 8000    | Paradestraat-11,<br>Cape Town 8000                        |
| Mitchells Plein<br>Satelietkantoor                   | 021 3704200                | 021 391 3063               | Die Registrateur<br>Egskeidingshof<br>Privaatsak X1<br>Mitchells Plein 7785 | Middestad<br>Mitchells Plein                              |

| High Courts  | Tel. No.     | Faks No.     |
|--------------|--------------|--------------|
| Bisho        | 040 609 2958 | 040 6352140  |
| Bloemfontein | 051 447 8837 | 051 430 7041 |
| Durban       | 031 3625800  | 031 305 4550 |
| Grahamstad   | 046 602 5000 | 046 636 2374 |
| Johannesburg | 011 332 8000 | 011 336 6183 |
| Kaapstad     | 021 480 2411 | 021 423 0412 |
| Kimberley    | 053 833 1441 | 053 831 1320 |

| High Courts      | Telephone    | Fax          |
|------------------|--------------|--------------|
| Mmbatho          | 018 3928200  | 018 3921908  |
| Pietermaritzburg | 033 345 8211 | 033 345 3815 |
| Port Elizabeth   | 041 502 6600 | 041 582 2625 |
| Pretoria         | 012 315 7711 | 012 326 1995 |
| Thohoyandou      | 015 962 0348 | 015 962 0364 |
| Umtata           | 047 531 2441 | 047 531 2459 |

## HOOFKANTORE VAN DIE DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

| Streek      | Kontakpersoon   | Tel. No.        | Faks No.     | Fisiese Adres                                           |
|-------------|-----------------|-----------------|--------------|---------------------------------------------------------|
| Oos-Kaap    | H M S Fotoyi    | 043 643 4608/9  | 043 643 3003 | Taylorstraat 7, Die Arches Gebou,<br>King Williams Town |
| Oos-Kaap    | Mnr M Mene      | 041 487 1026    | 041 487 3354 | H/v Stone & Laviniastraat, North End,<br>Port Elizabeth |
| Oos-Kaap    | Mnr Mbokwana    | 047 531 1955    | 047 531 2060 | Ou Elata Gebou, H/v Owen & Leedsweg, Umtata             |
| Vrystaat    | Me L Rametse    | 051 403 9100    | 051 430 8814 | L T Trust Gebou, Maitlandstraat 108, Bloemfontein       |
| Vrystaat    | Mev H J Erasmus | 057 355 1325/7  | 057 355 1325 | Koppie-Alleenweg 133 , Welkom                           |
| Oos-Gauteng | Me H Ntantiso   | 012 324 1860/74 | 012 323 4783 | 3de Vloer Sentrakor Gebou, Pretoriusstraat,<br>Pretoria |

|               |                      |                 |              |                                                                                              |
|---------------|----------------------|-----------------|--------------|----------------------------------------------------------------------------------------------|
| Oos-Gauteng   | Mnr T F J Schoeman   | 011 825 8370    | 011 873 3292 | Cedar Gebou, H/v Webber & Power straat, Germiston                                            |
| Oos-Gauteng   | Mnr T A Ndebele      | 011 811 3475    | 011 811 2862 | Welgedachtweg , Springs                                                                      |
| Wes-Gauteng   | Mnr J L J Van Vuuren | 011 693 5284/7  | 011 693 1039 | Main Reefweg 2 , Fountain Plaza, Randfontein                                                 |
| Wes-Gauteng   | Me M Moeketsi        | 011 639 4000    | 011 834 6623 | Nuwe Regeringsgebou, H/v Harrison & Pleinstraat, Johannesburg                                |
| Wes-Gauteng   | Me L P Sithole       | 011 936 5666/9  | 011 936 5753 | H/v Armitage & Khumaloweg, Orlando Wes, Soweto                                               |
| Wes-Gauteng   | Mnr G Coetzer        | 016 421 3793    | 016 455 1601 | San Roan Gebou, Voortrekkerstraat, Vereniging                                                |
| KwaZulu-Natal | Mnr T W Dlamini      | 031 308 7900/32 | 031 308 7936 | Price City, Umgeni Weg 350, Greyville                                                        |
| KwaZulu-Natal | Mnr S Biyase         | 035 787 1478/82 | 035 787 2121 | Ngwelezane 25, Empangeni Rail                                                                |
| KwaZulu-Natal | J H Riekard          | 033 845 5011/4  | 033 345 5079 | 2de Vloer United Gebou, Kerkstraat 181 , Pietermaritzburg                                    |
| KwaZulu-Natal | Mnr T Kotze          | 039 682 1186/8  | 039 682 4089 | 1ste Vloer Bank House, Robinsonstraat 2, Port Shepstone                                      |
| KwaZulu-Natal | Me M Terblanche      | 03431 25637/49  | 03431 27305  | Helenic Trust Gebou, Winkel 10, Scottstraat 67, Newcastle                                    |
| KwaZulu-Natal | Mnr J H Riekart      | 035 780 8000    | 035 789 1369 | Grondvloer Arboretum, Middelstad langs Eerste Nasionale Bank, Kruggerandstraat, Richardsbaai |
| Limpopo       | Me T Khuvutlu        | 015 812 0339    | 015 812 0338 | Seksie A, (Langs Polisieostasie), Giyani                                                     |
| Limpopo       | Me M Segoale         | 015 633 5188/91 | 015 633 5193 | Ou Lebowa Parlement Gebou, tussen Sone B en F, Lebowakgomo                                   |
| Limpopo       | Me M Molapo          | 015 290 4600    | 015 291 5104 | Biblioteektuine, H/v Grobler & Schoemanstraat, Polokwane                                     |
| Limpopo       | Mnr N Moshapo        | 0159 31134/74   | 0159 31195   | Makwanela Regeringskompleks, Shumelastraat, Sibasa, Thohoyandou                              |
| Mpumalanga    | Mnr E Mashiloane     | 013 753 3131    | 013 752 5250 | H/v Henshall & Branderstraat, Nelspruit                                                      |
| Mpumalanga    | Me M Du Plessis      | 013 656 6416    | 013 656 4834 | Justisieweg , Witbank                                                                        |
| NC            | Mr S Mohapelwa       | 053 839 5400    | 053 831 4836 | 4th Floor New Public Bldg., Knight Street, Kimberley                                         |
| NC            | Mr N Makay           | 054 332 3117/8  | 054 332 4799 | 22 Scott Street, Upington                                                                    |
| NW            | Ms M Mantlatsi       | 018 469 1231/4  | 018 469 2704 | 2 Mercury Road, Uraniaville, Klerksdorp                                                      |
| NW            | Mr M Molamu          | 018 384 5443/8  | 018 384 5449 | Motswedi House, L M Mangope Highway, Mmabatho                                                |
| NW            | Mr A Modimakwane     | 014 592 0406/8  | 014 592 4712 | 63 Van Staden Street, Rustenburg                                                             |
| WC            | Mr F Joubert         | 021 462 4970    | 021 461 7686 | Faircape Building, 56 Barrack Street, Cape Town                                              |
| WC            | Ms S D Constance     | 044 873 6087    | 044 874 7210 | 2nd Floor York Park Bldg., St John Street, George                                            |
| WC            | Ms E Martins         | 021 386 2310    | 021 386 2317 | Montreal Avenue, Sturrock Bldg., International Airport, Industrial Site, Cape Town           |
| WC            | Ms J Britz           | 021 872 3031/3  | 021 872 4212 | 4 Alkmaar Street, Daljosafat, Paarl                                                          |



WOMEN'S LEGAL CENTRE